SPESIALE UITGAWE: MATRIEKUITSLAE

# menlo-insig

Vandag is 25 Februarie. Ons land is nou al vir 336 dae in 'n staat van inperking. 365 dae gelede, op 25 Februarie 2020, het die matrieks met sterre in hulle oë daarna uitgesien om vir oulaas op die sportveld uit te draf, op die koorbankies te staan en 'n draai op die revueverhoog te gooi.

Min het ons geweet wat die toekoms inhou.

"Sien Meneer gou weer!" "Dis reg, my kind. Lees solank die volgende hoofstuk van Onderwêreld." Selfs toe die gety op 27 Maart 2020 draai, en die eb en vloed redenaarskaartjies en toerdrome buite bereik laat, is die onverwagse vakansie aanvanklik met optimisme begroet.

Min het ons geweet wat die toekoms inhou.

"Vertrou die Menlo-visie." "Wat is dit, Meneer?" "Kan julle my hoor? Ek stuur vir julle 'n skermgreep van vandag se werk." Teen einde April het die boot geskud. Die roetekaart is aangepas en die Wildeklawer was VirSeker besig om soos mis voor die son te verdwyn. "Is dit Colosseum Reale of die Bermuda-driehoek?" Wie weet wat die toekoms inhou?

"My dear fellow South Africans. Gaan terug skool toe. Die matriekeksamen gaan voort." Juniemaand was ons terug op Menlo-bodem waar gemaskerde verslaentheid van die een klas na die volgende gewissel het. Ons het swaar gedra aan moeilike vrae: "Gaan ons oukei wees? Sal ons deur al die werk kom?" "Ja, my kind, vertrou ons. Jy is in goeie hande."

"Juffrou, ek is reg vir die eksamen – selfs al moet ons Wiskunde en Wetenskap oorskryf. Kom wat wil."

Een van die eerste lesse wat kleuters in die pre-primêre fase leer, is van emosies. Die metamorfose van kleuter na tiener neem ouers, onderwysers en kinders op 'n tuimeltreinrit van emosionele hoogte- en laagtepunte totdat hulle as agtienjariges 'n voorsmakie van die meeste emosies gehad het.

Teen alle verwagting, het 2020 toe nie vir ons volmaakte visie gegee nie, maar emmersvol emosie. So het dit dikwels gebeur dat 'n mens sommer 'n klomp hiervan op dieselfde dag ervaar het en soms vasgevang was in 'n maalkolk van onsekerheid, opgewondenheid, teleurstelling en ontnugtering.

Kyk ons terug, sien ons duidelik dat die matriekklas van 2020 tóg geoefen het – weliswaar nie op die sportveld nie – maar hulle verlaat die skoolbanke met senuwees van staal en karakters wat rotsvas staan.

Die dapperheid waarmee hierdie leerders die jaar se uitdagings aangepak het, is nooit deur paniek oorskadu nie.

Vandag ervaar ons weer 'n warboel van emosies, maar dié keer is dit van dankbaarheid en vreugde, want hierdie Menloparkers se onverskrokkenheid is met puik uitslae beloon. In 'n onseker jaar het hulle gesindheid die rigting gewys. Baie geluk, Matrieks. Die skool salueer julle.

Dis algemene kennis dat daar 'n span ondersteuners agter elke matrikulant staan, *because it takes a village to raise a child*. Baie dankie aan elke ouerhuis wat verlede jaar moed ingepraat het en die leerders in hulleself laat glo het. Die vennootskap tussen die skool en die ouerhuis het geslaag.

Elke skoolverlater is die produk van die invloed van onderwysers wat oor 'n hele skoolloopbaan strek. Vandag bedank ons elkeen in die Menlo-personeelspan vir húlle bydrae tot ons praguitslae.

Vandag is 25 Februarie 2021. Ons land is nou al vir 336 dae in 'n staat van nasionale inperking. Die matrieks verlaat die skool met sterre in hulle oë. Mag die strewe na die hoogste elkeen op 'n opwindende pad plaas.

Die toekoms is blink.






## Graadgemiddeld en -vrystelling

Die matrieks van 2020 spog met 'n graadgemiddeld van 72.7%. Daarbenewens behaal 95.1% van die graad 12's graadvrystelling en 106 leerders spog met 'n A-gemiddeld.

## Onderskeidings

Ten spyte van ongekende uitdagings, was 2020 'n besonderse jaar vir Die Hoërskool Menlopark – 325 Menloparkers het die eksamen afgelê en saam het die groep 868 A-simbole (Alpha Wiskunde ingesluit) en 607 B-simbole behaal. Loer gerus na die name van leerders wat vyf en meer onderskeidings behaal het.

### 10 A's | 9 A's | 8A's



Carli Viljoen | Emmeré Steenkamp | Janél du Toit | Nerissa Naidoo | Alana Venter | Lieze Schutte | Noèlle van der Walt | Danèlle van der Walt | Ruben van der Merwe



Daniël du Preez | Charné Swart | Colette Avenant | Christiaan Hildebrand | Cara Jordaan | Karla Grobler | Megan Thiele | Rozanne von Abo | Annika J v Rensburg

### 7A's



Dylan Coetzee | Alexia Hill | Kevin Pretorius | Heleen Wagner | Izél Schoeman | Amica van Garderen | Cornelia Moodie | Wybri Thuysma | Núelle J v Vuuren



Kayla van Rooyen | Janie Blignaut | Marguerite Bosch | Nika Els | Amor le Roux | Stephan Pretorius | Bianca Pretorius | Talia Schutte | Claudia Aird



Sandra van Zyl | Lize Bekker | Ruben Pienaar | Joscine Barnard | Dian Muller | Marco van Wyk | Marné Bloem | André Jordaan | Sunique v d Walt

**7 A's** **6 A's**



Annine Louw, Morgan Webb, Natasha Lemmer, Joané Jacobs, Carla Erasmus, Carili Erasmus, Anice Gous, Tiaan J v Rensburg, Carla Kruger, Katje Kruger



Megan Kunneke, Matt Lombaard, Bea Loubser, Wiaan Mans, Andrea Papadopoulos, Riëtte Schönfeldt, Sebastian Strydom, Marnique Swanepoel, Liné vd Westhuizen, Catharina Venter

**5 A's:**

Edmond Botes, Celia Coetzee, Cassidy Davies, Mieke de Beer, Lené de Jager, Henro Heyneke, Luan Hietbrink, Inke Janse van Rensburg, Mikhe Keun, Nicolai Kuschke, Stefan Maritz, Milan Marx, Jan Hendrik Moller, Leon Myburgh, Tatiana Pike, Simoné Potgieter, Zoé Roosenschoon, Pieter Schoeman, Kian Taljaard, Anmari van Buuren, Christiaan van der Merwe, Wian van Niekerk, Michael van Niekerk, Roné van Wyk, Carmen van Zyl, Kirschlynn Viljoen & Megan Vorster.

**4 A's:** 18 leerders **3 A's:** 20 leerders **2 A's:** 40 leerders **1 A:** 57 leerders




**Baie geluk aan die top-20-leerders van 2020 :**

(Gemiddeld van AL die vakke wat deur 'n leerder geneem is.)

**1.** Noèlle vd Walt: 95.3%; **2.** Danèlle vd Walt: 93.6% **3.** Dylan Coetzee: 93.1%; **4.** Alexia Hill: 93.0%; **5.** Kevin Pretorius: 92.9%; **6.** Ruben van der Merwe: 92.8%; **7.** Heleen Wagner & Emmeré Steenkamp: 92.7%; **9.** Daniël du Preez: 92.5%; **10.** Janél du Toit & Carli Viljoen: 92.3%; **12.** Charné Swart: 91.6%; **13.** Colette Avenant: 91.4%; **14.** Christiaan Hildebrand & Cara Jordaan: 91.3%; **16.** Karla Grobler & Nerissa Naidoo: 91.1%; **18.** Alana Venter: 90.3%; **19.** Izél Schoeman: 89.7%; **20.** Amica van Garderen: 89.6%

**Die top-10-leerders van 2020 is:**

(Gebaseer op Afrikaans, English. Wiskunde, LO en die volgende drie beste vakke.)

**1.** Noèlle vd Walt: 96.0%; **2.** Danèlle vd Walt: 94.3%; **3.** Carli Viljoen: 94.1%; **4.** Ruben van der Merwe: 93.4%; **5.** Janél du Toit: 93.3%; **6.** Dylan Coetzee: 93.1%; **7.** Alexia Hill & Emmeré Steenkamp: 93.0%; **9.** Kevin Pretorius & Daniël du Preez: 92.9%








1. **Afrikaans**
Vakgemiddeld: 73.8 %
Aantal onderskeidings: 104
Beste presteerders: Noèlle van der Walt en Carli Viljoen
(95%)




2. **English Home Language**
Average: 70.1%
Number of distinctions: 7
Top achiever: Cara Jordaan
(89%)



3. **English First Additional Language**
Average: 76.6%
Number of distinctions: 110
Top achiever: Núelle Janse van Vuuren
(95%)



4. **Wiskunde**
Vakgemiddeld: 69.3%
Aantal onderskeidings: 75
Beste presteerder: Dylan Coetzee
(98%)



5. **Wiskundige geletterdheid**
Vakgemiddeld: 68.6%
Aantal onderskeidings: 9
Beste presteerder: Kei Sandilands
(88%)



6. **Alpha Wiskunde**
Vakgemiddeld: 78.5%
Aantal onderskeidings: 18
Beste presteerders: Colette Avenant en Emmeré Steenkamp
(98%)




7. **Lewensoriëntering**
Vakgemiddeld: 80.2%
Aantal onderskeidings: 205
Beste presteerders: Janél du Toit en Heleen Wagner
(98%)




8. **Fisiese Wetenskap**
Vakgemiddeld: 73.6%
Aantal onderskeidings: 74
Beste presteerders: Dylan Coetzee en Noèlle van der Walt
(99%)




9. **Lewenswetenskap**
Vakgemiddeld: 69.7%
Aantal onderskeidings: 40
Beste presteerders: Alexia Hill, Danèlle vd Walt en Alana Venter
(92%)





10. **Besigheidstudies**
Vakgemiddeld: 66%
Aantal onderskeidings: 24
Beste presteerders: Janél du Toit en Megan Thiele
(97%)




11. **Ekonomie**
Vakgemiddeld: 66.6%
Aantal onderskeidings: 9
Beste presteerder: Cara Jordaan
(93%)



12. **Rekeningkunde**
Vakgemiddeld: 75%
Aantal onderskeidings: 43
Beste presteerder: Dylan Coetzee
(98%)



13. **Geografie**
Vakgemiddeld: 64.7%
Aantal onderskeidings: 17
Beste presteerder: Noèlle van der Walt
(96%)



14. **Geskiedenis**
Vakgemiddeld: 74.7%
Aantal onderskeidings: 40
Beste presteerder: Emmeré Steenkamp
(97%)



15. **Toerisme**
Vakgemiddeld: 75.6%
Aantal onderskeidings: 12
Beste presteerder: Jacques van Niekerk
(96%)



16. **Dramatiese Kuns**
Vakgemiddeld: 78.5%
Aantal onderskeidings: 11
Beste presteerder: Janél du Toit
(100%)



17. **Gasvryheidstudies**
Vakgemiddeld: 58.4%
Beste presteerder: Elné Conradie
(74%)



18. **Musiek**
Vakgemiddeld: 78.1%
Aantal onderskeidings: 11
Beste presteerder: Lieze Schutte
(89%)



19. **Visuele Kuns**
Vakgemiddeld: 78.8%
Aantal onderskeidings: 11
Beste presteerder: Katje Kruger
(94%)



20. **Inligtingstegnologie**
Vakgemiddeld: 64.5%
Aantal onderskeidings: 8
Beste presteerder: Dylan Coetzee
(93%)



21. **Rekenaartoepassingstegnologie**
Vakgemiddeld: 64.5%
Aantal onderskeidings: 7
Beste presteerder: Izél Schoeman
(94%)



22. **Frans**
Vakgemiddeld: 77.5%
Aantal onderskeidings: 7
Beste presteerder: Cornelia Moodie
(93%)



23. **Duits**
Vakgemiddeld: 85.5%
Aantal onderskeidings: 11
Beste presteerder: Kevin Pretorius
(98%)



24. **Ingenieursgrafika en –ontwerp**
Vakgemiddeld: 70.4%
Aantal onderskeidings: 15
Beste presteerder: Alana Venter
(91%)



**Baie geluk!**

Noèlle van der Walt is aangewys as die toppresteerder in Geografie in Gauteng.
Sy beklee die derde posisie op Gauteng se algehele ranglys vir 2020.




